

Dinsdag 13 April 2021

Skrifgedeelte: Filippense 1:12-26

Fokusgedeelte: Filippense 1:25

Ware blydskap is om God se liefde uit te deel

Met geloofsgroei draai jy die fokus weg van jouself af na jou medemens toe. In die begin is jou blydskap gefokus op die wete dat jy God ken en sy kind is op grond van jou geloof in Jesus Christus. Dit is egter nie die volheid van jou blydskap nie. Daar is nog meer. Jou blydskap word nog meer wanneer jy Jesus se kruisiging en opstanding met ander deel sodat hulle saam met jou kan deel in die blydskap wat God gee.

Paulus sit in die tronk, maar in plaas daarvan om homself te bejammer, vind hy vreugde in die feit dat hy die evangelie kon deel met soldate wat God nie geken het nie. Hy is selfs bly omdat diegene wat die evangelie met bybedoelings deel, om die lewe vir hom swaarder te maak, besig is om Jesus te verkondig.

Paulus het baie swaarkry en lyding ondergaan en hy sien met verlange daarna uit om saam met God te wees waar die pyne en ellende van hierdie lewe nie meer is nie. Tog vind hy tevredenheid daarin dat hy nog 'n ruk langer in hierdie lewe, waarvan swaarkry nog deel is, moet agterbly omdat dit vir hom die geleentheid gee om nog verder die evangelie van God se liefde te kan uitdeel, sodat meer mense God kan ken.

Iemand het op 'n keer gesê: "Hoeveel moet jy iemand haat as jy vas glo dat mense wat God nie ken nie, hel toe sal gaan en jy deel nie die evangelie met mense wat God nie ken nie?" Daar is groot blydskap in die hemel oor elke verlore mens wat God leer ken. Deel in daardie blydskap deur almal van Jesus te vertel.

Sing: Psalm 32-1:1

Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)